SENWESBEL

VERKORTE
JAARVERSLAG
2017

INHOUDSOPGAWE
VAN DIE VERSLAG

INLEIDING EN BESTEK VAN DIE VERSLAG	2
RAAD VAN DIREKTEURE	3
VOORSITTERSVERSLAG	5
5-JAAR OORSIG OOR DIE BELEGGING IN SENWES BEPERK	7
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE	8
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE	9
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT	10
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI	11
SEGMENTOORSIG	12

INLEIDING EN
BESTEK VAN DIE VERSLAG

Die Senwesbel direksie bied met trots die verkorte jaarverslag vir die Senwesbel groep vir die jaar geëindig 30 April 2017 aan. Die verslag moet saamgelees word met die volledige finansiële jaarstate op die Senwes webtuiste. 'n Onafhanklike oudit van die groep se finansiële jaarstate is deur Ernst & Young Ing. uitgevoer.

Senwesbel Beperk, as beleggingsmaatskappy, is die grootste aandeelhouer in Senwes Beperk, wat ook die enigste belegging is wat deur Senwesbel gehou word. 'n Korporatiewe beheerverslag, bedryfsoorsig en volhoubaarheidsverslag is nie in die Senwesbel verkorte jaarverslag ingesluit nie. Verwys asseblief na die Senwes Beperk webtuiste, www.senwes.co.za, waar dié verslae volledig geopenbaar word.

Hierdie verslag fokus op die gebeure wat gedurende die jaar geëindig 30 April 2017 plaasgevind het en maak relevante vergelykings met vorige tydperke.

VERSLAGDOENINGSBEGINSELS

Waar toepaslik voldoen die inligting wat hierin verskaf word aan die Internasionale Finansiële Verslagdoening-standaarde (IFRS) en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet nr. 71 van 2008. Die rekeningkundige beleid wat deur die groep toegepas is gedurende die jaar onder oorsig, is in ooreenstemming met die beleid wat gevolg is in die voorbereiding van die groep se jaarlikse finansiële state van die vorige jaar.

Die inligting in hierdie verslag is nie aan 'n onafhanklike oudit of oorsig onderwerp nie en is saamgestel op grond van interne rekords en publieke inligting onder toesig van R Wolmarans, GR (SA).

RAAD VAN DIREKTEURE

AJ (DRIES) KRUGER

VOORSITTER

Direkteur sedert Oktober 2007

Kwalifikasies: B.Compt. (Hons) (Rek), GR (SA)

Lid van Senwesbel Ouditkomitee

Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees: Oudit, Belegging en Nominasie

NDP (NICO) LIEBENBERG

Direkteur sedert Augustus 2008

Kwalifikasies: B.Com. (Hons), M. Volhoubare Landbou

Voorsitter van Senwesbel Ouditkomitee

Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees: Vergoeding (Voorsitter), Risiko en Oudit

TF (TOM) VAN ROOYEN

Direkteur sedert November 2013

Kwalifikasies: B.Sc. Landbou (Hons) (Landbouekonomie)

Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees: Sosiale & Etiese en Risiko

WH (THABO) VAN ZYL

Direkteur sedert Augustus 2012

Kwalifikasies: B.Sc. Landbou (Landbouekonomie)

Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees: Sosiale & Etiese en Risiko (Voorsitter)

JDM (DANIE) MINNAAR

Direkteur sedert September 1999
Kwalifikasies: B.Com.
Lid van Senwesbel Ouditkomitee
Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees:
Senwes direksie (Voorsitter),
Nominasie (Voorsitter), Belegging en ex officio-lid van alle Senwes direksiekomitees

JJ (JACO) MINNAAR

Direkteur sedert Augustus 2011
Kwalifikasies: B.Ing. (Landbou)
Lidmaatskap van Senwes direksiekomitees:
Risiko en Vergoeding

AE (ALWYN) SCHOLTZ

MAATSKAPPYSEKRETARIS

Maatskappysekretaris sedert September 2010
Kwalifikasies: B.Com. (Regte), LLB
Toegelate prokureur en aktevervaardiger van die Hoër Hof

VOORSITTERSVERSLAG
VIR DIE SENWESBEL GROEP

GEAGTE AANDEELHOUERS EN ANDER BELANGHEBBENDES

"*Daar is tye van gevaar en onsekerheid, maar dit is ook die mees kreatiewe van alle tye in die geskiedenis van die mens*" - Robert F. Kennedy 1966.

Gedurende die afgelope finansiële jaar van onsekerheid op beide makro-ekonomiese en politieke vlak en een van die ergste droogtes tot op datum in die Senwes gebied, het die bestuur van Senwes weer hul kreatiwiteit, fokus en deursettingsvermoë bewys. Die prestasie van die Senwes groep gedurende die afgelope moeilike finansiële jaar, spreek van hierdie eienskappe.

Senwes volg 'n dividendbeleid waarvolgens gepoog word om dividende te handhaaf gedurende 'n dalende siklus. Senwes kon, ten spyte van 'n groot verskeidenheid uitdagings, steeds daarin slaag om 'n dividend van 40 sent per aandeel (voor belasting) gedurende die finansiële jaar te betaal. Dit het Senwesbel in staat gestel om 'n totale dividend van 27 sent per aandeel (voor belasting) uit te keer en te betaal, wat 'n dividendopbrengs van 4,5% tot gevolg gehad het. Die opbrengs in die vorige finansiële jaar was 4,6%.

Die Senwesbel direksie is tevrede met die voortgesette belegging in Senwes. Senwesbel het gedurende die finansiële jaar die belang in Senwes verder verhoog. 1 689 548 Senwes aandele is gedurende die jaar verkry wat Senwesbel se totale belang in Senwes tot 52,91% verhoog het. Die gemiddelde aankoopprys van R10,55 per aandeel was laer as die netto batewaarde.

Die beperking in Senwesbel se Akte van Oprigting, wat primêr die aandeelhouding in Senwesbel beperk tot bona fide-boere, beperk die verhandeling van Senwesbel aandele en het gevolglik 'n invloed op die aandeelprys. Senwesbel se direksie oorweeg gereeld of die beheerstruktuur gehandhaaf moet word.

'n Verandering in regulatoriese vereistes het veroorsaak dat die verhandelingsplatform vir Senwesbel aandele gewysig moes word en Senwesbel het gevolglik gedurende Februarie 2017 op ZAR X genoteer.

VOORUITSIGTE

Die direksie beoog om in die komende jaar voort te gaan met die strategieë wat die afgelope jare toegepas is, wat insluit:

- Ondersteuning aan Senwes om die resultate weer te normaliseer en om geleenthede vir groter samewerking met ander landboubedrywe te ondersteun;
- Om geleenthede vir belegging in landbou- en ander beleggings te ondersoek;
- Om waardeontsluitingsgeleenthede te oorweeg; en
- Likiditeit in aandeleverhandeling te bevorder.

Senwesbel steun graag Senwes se uitbreidingsplanne en is belyn met Senwes se strategiese plan.

BEDANKINGS

Die direkteure, personeel en bestuur van Senwesbel en Senwes – jul toewyding en passie in die uitvoering van jul pligte was veral opmerklik tydens een van die moeilikste landboujare in die bestaan van die maatskappy – baie dankie daarvoor.

Ons kyk met nederigheid terug oor die afgelope jaar en dra ons opregte dank oor aan ons Hemelse Vader, met Wie alles moontlik is.

DRIES KRUGER
Voorsitter
Klerksdorp
29 Junie 2017

5-JAAR OORSIG OOR DIE BELEGGING IN SENWES BEPERK

Senwesbel Beperk besit 'n 52,91% belang in Senwes Bpk soos op 30 April 2017. Die belegging se kernstatistieke sien as volg daaruit:

	2017	2016	2015	2014	2013
Senwesbel se belang in Senwes (%)	**52,91**	51,97	51,60	51,10	59,00
Omset uit voortgesette bedrywe (R'm)	**9 927**	9 228	8 755	11 476	13 884
Wins na belasting (R'm)	**167**	156	247	251	307
Verdienste per aandeel (sent)	**98,3**	90,6	143,4	143,9	168,9
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent)	**108,4**	79,3	175,2	99,0	152,4
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**1 166,5**	1 103,3	1 054,6	958,1	884,4
Sluitingsmarkprys (sent)	**1 040,0**	1 050,0	1 150,0	1 075,0	1 040,0
Groei in markprys (%)	**(1,0)**	(8,7)	7,0	3,4	15,6
Totale dividend (sent)	**45,0**	45,0	50,0	48,0	61,0
Finale dividend voorgestel (sent)	**25,0**	20,0	26,0	22,0	31,0
Tussentydse dividend betaal (sent)	**20,0**	25,0	24,0	26,0	26,0
Spesiale dividend betaal (sent)	**-**	-	-	-	4,0
Opbrengs op openingsekwiteit (%)	**8,9**	8,5	15,0	15,7	22,3
Opbrengs op gemiddelde ekwiteit (%)	**8,7**	8,4	14,3	15,5	20,7
Dividendopbrengs op gemiddelde markprys (%) (uitgesluit spesiale dividend)	**4,3**	4,1	4,5	4,5	5,9
Dividendopbrengs op gemiddelde markprys (%) (ingesluit spesiale dividend)	**4,3**	4,1	4,5	4,5	6,3
Totale aandeelhouersopbrengs op openingsmarkprys (%) (kapitaalgroei plus dividende)	**3,3**	(4,8)	11,6	8,0	22,3

ENKELE HOOGTEPUNTE VAN DIE BELEGGING IS SOOS VOLG:

- Wins na belasting van R167 miljoen, wat 'n 8,9% opbrengs op openingsekwiteit verteenwoordig.
- Dividendopbrengs op gemiddelde markprys van 4,3% (2016: 4,1%).
- Verdienste per aandeel neem toe tot 98,3 sent per aandeel (2016: 90,6 sent per aandeel).
- Netto batewaarde per aandeel styg met 5,7% tot 1 166,5 sent per aandeel (2016: 1 103,3 sent per aandeel).
- Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel neem toe tot 108,4 sent per aandeel (2016: 79,3 sent per aandeel).

DIE VOLGENDE IS RELEVANTE BELEGGINGSTATISTIEK TEN OPSIGTE VAN DIE BELEGGING:

	2017	5-jaar gemiddeld
Prysverdiensteverhouding – genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (keer)	**9,6**	9,4
Totale aandeelhouersopbrengs – openingsmarkprys (%)	**3,3**	8,1
Dividenddekking – ingesluit spesiale dividend (keer)	**2,2**	2,6

SENWESBEL NETTO BATEWAARDE PER AANDEEL:

	2017	2016	2015	2014	2013
Netto batewaarde per aandeel (R) (maatskappy)	**7,47**	7,44	7,79	7,75	7,06
Netto batewaarde per aandeel (R) (groep)	**11,92**	11,20	10,68	9,96	8,73

Senwesbel Beperk het gedurende die afgelope finansiële jaar 1 689 548 aandele in Senwes Beperk bekom.

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

SOOS OP 30 APRIL 2017

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2017 R'm	2016 R'm	**2017 R'm**	2016 R'm
BATES				
Nie-bedryfsbates				
Eiendom, aanleg en toerusting	**1 202**	1 134	**-**	-
Belegging in filiaal	**-**	-	**996**	987
Belegging in geassosieerde	**25**	-	**-**	-
Belegging in gesamentlike ondernemings	**228**	226	**-**	-
Ander finansiële bates	**4**	4	**-**	-
Langtermyn gedeelte van ander lenings ontvangbaar	**7**	-	**-**	-
Lenings en ander bedrae ontvangbaar	**1 031**	888	**-**	-
Uitgestelde belastingbate	**11**	24	**-**	-
Totale nie-bedryfsbates	**2 508**	2 276	**996**	987
Bedryfsbates				
Voorraad	**674**	536	**-**	-
Handels- en ander rekeninge ontvangbaar	**2 557**	2 175	**-**	-
Ander lenings ontvangbaar	**36**	32	**-**	-
Vooraad gehou onder vaste verkoopsverbintenis	**75**	250	**-**	-
Afgeleide finansiële instrumente	**128**	87	**-**	-
Kontant en korttermyndeposito's	**14**	35	**-**	-
Totale bedryfsbates	**3 484**	3 115	**-**	-
TOTALE BATES	**5 992**	5 391	**996**	987
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE				
Ekwiteit				
Uitgereikte aandelekapitaal	**1**	1	**1**	1
Aandelepremie	**498**	498	**498**	498
Nie-verdeelbare reserwes	**78**	78	**78**	78
Ander reserwes	**48**	36	**347**	354
Behoue inkomste	**762**	705	**(53)**	(55)
Eie ekwiteit	**1 387**	1 318	**871**	876
Nie-beherende belang	**1 099**	1 078	**-**	-
Totale ekwiteit	**2 486**	2 396	**871**	876
Nie-bedryfslaste				
Rentedraende lenings	**1 002**	1 002	**-**	-
Uitgestelde belastinglas	**204**	204	**95**	97
Totale nie-bedryfslaste	**1 206**	1 206	**95**	97
Bedryfslaste				
Handels- en ander rekeninge betaalbaar	**460**	479	**1**	1
Oortrokke bank	**29**	13	**29**	13
Rentedraende lenings	**1 574**	1 160	**-**	-
Ander lenings betaalbaar	**43**	41	**-**	-
Afgeleide finansiële instrumente	**169**	58	**-**	-
Belasting betaalbaar	**-**	2	**-**	-
Korttermynaansporingsbonusse	**14**	19	**-**	-
Voorsienings	**11**	17	**-**	-
Totale bedryfslaste	**2 300**	1 789	**30**	14
Totale laste	**3 506**	2 995	**125**	111
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	**5 992**	5 391	**996**	987

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2017

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2017 R'm	2016 R'm	**2017 R'm**	2016 R'm
Dienste gelewer	**409**	498	**-**	-
Finansieringsinkomste	**328**	245	**-**	-
Inkomste uit die verkoop van goedere	**1 730**	1 508	**-**	-
Inkomste uit kommoditeitsverhandeling	**7 460**	6 977	**-**	-
Inkomste	**9 927**	9 228	**-**	-
Koste van verkope	**(8 833)**	(8 150)	**-**	-
Bruto wins	**1 094**	1 078	**-**	-
Dividendinkomste	**-**	-	**38**	48
Distribusie-, verkoops- en administratiewe uitgawes	**(683)**	(707)	**(3)**	(3)
Bedryfswins	**411**	371	**35**	45
Finansieringskoste	**(206)**	(164)	**(2)**	-
Wins/(verlies) van gesamentlike ondernemings en geassosieerde	**19**	(12)	**-**	-
Wins voor belasting uit voortgesette bedrywighede	**224**	195	**33**	45
Belasting	**(62)**	(59)	**-**	1
Wins vir die jaar na belasting uit voortgesette bedrywighede	**162**	136	**33**	46
Wins na belasting van beëindigde bedrywighede	**-**	19	**-**	-
Wins vir die jaar	**162**	155	**33**	46
Ander omvattende inkomste herklassifiseerbaar na wins of verlies, na belasting	**1**	-	**(7)**	(93)
Billikewaardeaanpassing van beskikbaar-vir-verkoop finansiële bate	**-**	-	**(7)**	(93)
Ander omvattende inkomste uit gesamentlike onderneming	**1**	-	**-**	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar na belasting	**163**	155	**26**	(47)
Wins toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	**89**	84	**33**	46
Nie-beherende belang	**73**	71	**-**	-
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	**90**	84	**26**	(47)
Nie-beherende belang	**73**	71	**-**	-

VERDIENSTE PER AANDEEL

	2017 sent/ aandeel	2016 sent/ aandeel
Basiese en verwaterde verdienste per aandeel	**76,1**	71,8
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel	**83,3**	64,5

DIVIDENDE VIR DIE JAAR

Dividende per aandeel betaal gedurende die jaar	**27**	32
Vorige jaar finale dividend	**13**	16
Interim dividend	**14**	16
Finale dividend per aandeel voorgestel	**15**	13

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2017

	UITGEREIKTE AANDELEKAPITAAL	AANDELEPREMIE	NIE-VERDEELBARE RESERWES	VERANDERING IN EIENAARSKAP	BILLIKEWAARDE-AANPASSING	AANDEELGEBASEERDE BETALINGSRESERWE	BEHOUE INKOMSTE	EKWITEIT VAN FILIAAL	NIE-BEHERENDE BELANG	TOTALE EKWITEIT
	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm
GROEP										
Balans op 30 April 2015	1	518	78	37	(29)	8	659	3	1 056	2 331
Totale omvattende inkomste	-	-	-	-	-	-	84	-	71	155
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	84	-	71	155
Dividende	-	-	-	-	-	-	(38)	-	(40)	(78)
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	-	-	-	-	-	9	-	-	8	17
Aandele verkry van nie-beherende aandeelhouers	-	-	-	2	-	-	-	-	(11)	(9)
Verandering in eienaarskap	-	-	-	6	-	-	-	-	(6)	-
Terugkoop van eie ekwiteitsaandele	-	(20)	-	-	-	-	-	-	-	(20)
Balans op 30 April 2016	**1**	**498**	**78**	**45**	**(29)**	**17**	**705**	**3**	**1 078**	**2 396**
Totale omvattende inkomste	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**89**	**1**	**73**	**163**
Wins vir die jaar	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**89**	**-**	**73**	**162**
Ander omvattende inkomste	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**1**	**-**	**1**
Dividende	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**(32)**	**-**	**(33)**	**(65)**
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**6**	**-**	**-**	**5**	**11**
Aandele verkry van nie-beherende aandeelhouers	**-**	**-**	**-**	**5**	**-**	**-**	**-**	**-**	**(24)**	**(19)**
Balans op 30 April 2017	**1**	**498**	**78**	**50**	**(29)**	**23**	**762**	**4**	**1 099**	**2 486**
MAATSKAPPY										
Balans op 30 April 2015	1	518	78	-	447	-	(63)	-	-	981
Totale omvattende inkomste	-	-	-	-	(93)	-	46	-	-	(47)
Wins vir die jaar	-	-	-	-	-	-	46	-	-	46
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	(93)	-	-	-	-	(93)
Dividende	-	-	-	-	-	-	(38)	-	-	(38)
Terugkoop van eie ekwiteitsaandele	-	(20)	-	-	-	-	-	-	-	(20)
Balans op 30 April 2016	**1**	**498**	**78**	**-**	**354**	**-**	**(55)**	**-**	**-**	**876**
Totale omvattende inkomste	**-**	**-**	**-**	**-**	**(7)**	**-**	**33**	**-**	**-**	**26**
Wins vir die jaar	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**33**	**-**	**-**	**33**
Ander omvattende inkomste	**-**	**-**	**-**	**-**	**(7)**	**-**	**-**	**-**	**-**	**(7)**
Dividende	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**-**	**(31)**	**-**	**-**	**(31)**
Balans op 30 April 2017	**1**	**498**	**78**	**-**	**347**	**-**	**(53)**	**-**	**-**	**871**

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2017

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2017 R'm	2016 R'm	**2017 R'm**	2016 R'm
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**166**	171	**2**	7
Kontant uit/(gebruik deur) bedryfsaktiwiteite	**454**	496	**(3)**	(3)
Dividende ontvang	**-**	-	**38**	48
Finansieringskoste betaal	**(206)**	(164)	**(2)**	-
Belasting betaal	**(50)**	(66)	**-**	-
Dividende betaal	**(65)**	(78)	**(31)**	(38)
Verandering in bedryfskapitaal	**33**	(17)	**-**	-
Netto kontantvloei gebruik deur beleggingsaktiwiteite	**(203)**	(142)	**(18)**	(7)
Aankope van eiendom, aanleg en toerusting	**(116)**	(122)	**-**	-
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**2**	2	**-**	-
(Uitvloei met aankoop)/opbrengs met verkoop van beskikbaar-vir-verkoop finansiële bate	**(18)**	1	**(18)**	(7)
Toename van beleggings in gesamentlike ondernemings en geassosieerde	**(25)**	(26)	**-**	-
Dividende ontvang van belegging in gesamentlike ondernemings	**4**	3	**-**	-
Addisionele lenings ontvang vanaf verwante partye	**2**	7	**-**	-
Terugbetaling van lenings vanaf verwante partye	**(44)**	(8)	**-**	-
Addisionele lenings betaal aan verwante partye	**(15)**	(36)	**-**	-
Terugbetaling van lenings aan verwante partye	**7**	37	**-**	-
Netto kontantvloei voor finansieringsaktiwiteite	**(37)**	29	**(16)**	-
Netto kontantvloei gebruik deur finansieringsaktiwiteite	**-**	(20)	**-**	(20)
Terugkoop van aandele/transaksies met nie-beherende aandeelhouers	**-**	(20)	**-**	(20)
Terugbetaling van rentedraende lenings	**-**	(650)	**-**	-
Opbrengs uit rentedraende lenings	**-**	650	**-**	-
Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente	**(37)**	9	**(16)**	(20)
Kontant en kontantekwivalente - begin van die jaar	**22**	13	**(13)**	7
Kontant en kontantekwivalente - einde van die jaar	**(15)**	22	**(29)**	(13)

SEGMENTOORSIG
VAN DIE SENWESBEL GROEP

SEGMENTINLIGTING

Vir bestuur- en beheerdoeleindes is die groep georganiseer in bedryfseenhede op grond van hul produkte, dienste en klante wat uit die volgende rapporteerbare segmente bestaan:

BELEGGINGSAKTIWITEITE
(Senwesbel)

Dit is Senwesbel se strategie om te belê in landbou en landbouverwante besighede. Op jaareinde besit Senwesbel slegs aandele in Senwes.

FINANSIËLE DIENSTE
(Senwes Credit, Senwes Batefinansiering & Certisure groep)

Toestaan van krediet aan landbouprodusente en graankopers. Senwes Credit verskaf ook landboudienste aan sy groeiende kliëntebasis. Certisure sluit kommissie ontvang op korttermyn-, oes- en lewensversekeringspremies en administrasiefooie in.

INSETVERSKAFFING
(Senwes Equipment, JD Implemente, Hinterland groep & Grasland Ondernemings)

Verkope by die handelstakke, direkte verkope van boerderyinsette en verkope van meganisasiegoedere en onderdele.

MARKTOEGANG
(Senwes Grainlink, Tradevantage, Senwes Graanmakelaars, Grainovation & ESC)

Inkomste ontvang vir die hantering en berging van landbouprodukte sowel as die vervoer van graankommoditeite. Kommissie ontvang vir die bemarking van graan en inkomste ontvang uit die verkope van eie graan. Elektroniese uitreiking en verhandeling van silosertifikate.

KORPORATIEF
(Molemi Sele, Senwes Share Incentive Trust, Thobo Trust, Senwes Capital, Senwes Agrowth & Nautilus hedge fund)

Hoofkantoordienste, inligtingstegnologie, menslike hulpbronne, eiendomme, sentrale administrasie, vlootbestuur, sekretariaat, regsdienste, korporatiewe bemarking, risikobestuur, interne oudit, strategiese ontwikkeling, groep-finansies, korporatiewe finansies, tesourie, innovasie en integrasie, besigheids-ontwikkeling en direkteure.

Inkomstebelasting word op 'n groepsbasis bestuur en word nie na bedryfsegmente toegedeel nie. Dienste gelewer tussen verwante partye, soos getoon in bedryfsegmente, is op 'n armlengtebasis soos soortgelyke transaksies met derde partye. Bestuur monitor die bedryfsresultate van sy bedryfseenhede apart vir doeleindes van die neem van besluite oor hulpbronne en prestasie-evaluering. Segmentprestasie word geëvalueer op grond van bedryfswins of -verlies en konsekwent gemeet teenoor bedryfswins of -verlies in die gekonsolideerde finansiële state.

NOTAS TOT SEGMENTOORSIG (VERVOLG)

SEGMENTINKOMSTE EN -RESULTATE

	GROEP			
	SEGMENTINKOMSTE		SEGMENTWINS/(VERLIES)	
	2017 R'm	2016 R'm	**2017 R'm**	2016 R'm
Beleggingsaktiwiteite *(Senwesbel)*	**-**	-	**(5)**	(3)
Finansiële dienste *(Senwes Credit, Senwes Batefinansiering & Certisure groep)*	**309**	230	**147**	74
Finansieringsinkomste en bedryfsaktiwiteite	**309**	230	**275**	158
Finansieringskoste	**-**	-	**(136)**	(92)
Wins uit gesamentlike ondernemings	**-**	-	**8**	8
Insetverskaffing *(Senwes Equipment, JD Implemente, Hinterland groep & Grasland Ondernemings)*	**1 350**	1 429	**43**	5
Inkomste uit die verkoop van goedere en dienste gelewer	**1 470**	1 447	**62**	46
Finansieringskoste	**-**	-	**(14)**	(18)
Intragroepverkope	**(120)**	(18)	**-**	-
Verlies uit gesamentlike ondernemings	**-**	-	**(5)**	(23)
Marktoegang *(Senwes Grainlink, Tradevantage, Senwes Graanmakelaars, Grainovation & ESC)*	**8 171**	7 468	**85**	174
Inkomste uit kommoditeitsverhandeling, verkoop van goedere en lewering van dienste	**12 508**	12 401	**133**	223
Intragroepverkope	**(4 337)**	(4 933)	**-**	-
Finansieringskoste	**-**	-	**(51)**	(52)
Wins uit gesamentlike ondernemings	**-**	-	**3**	3
Normale bedryfsaktiwiteite	**9 830**	9 127	**270**	257
Korporatief	**97**	101	**(46)**	(40)
SLA-inkomste	**82**	82	**15**	15
Gesamentlike ondernemingsrente-inkomste	**15**	19	**16**	11
Finansieringskoste	**-**	-	**(3)**	(2)
Korporatiewekoste *	**-**	-	**(74)**	(64)
Totale inkomste	**9 927**	9 228		
Wins voor belasting uit voortgesette en beëindigde bedrywighede			**224**	210
Belasting			**(62)**	(55)
Wins vir die jaar uit voortgesette en beëindigde bedrywighede			**162**	155
Wins na belasting uit beëindigde bedrywighede				
Marktoegang			**-**	(19)
Wins na belasting uit voortgesette bedrywighede			**162**	136

** Ingesluit in korporatiewekoste is groep aanpassings op beleggings in gesamentlike ondernemings.*

NOTAS TOT SEGMENTOORSIG (VERVOLG)

NETTO SEGMENT BATES

	GROEP					
	BATES		LASTE		NETTO	
	2017 R'm	2016 R'm	**2017 R'm**	2016 R'm	**2017 R'm**	2016 R'm
Finansiële dienste	**3 230**	2 812	**(1 956)**	(1 618)	**1 274**	1 194
Insetverskaffing*	**898**	724	**(571)**	(425)	**327**	299
Marktoegang	**1 686**	1 697	**(527)**	(569)	**1 159**	1 128
Totale bedrywighede	**5 814**	5 233	**(3 054)**	(2 612)	**2 760**	2 621
Korporatief	**167**	134	**(248)**	(179)	**(81)**	(45)
Totale segmentbates/(laste)	**5 981**	5 367	**(3 302)**	(2 791)	**2 679**	2 576
Uitgestelde belasting	**11**	24	**(204)**	(204)	**(193)**	(180)
Totaal	**5 992**	5 391	**(3 506)**	(2 995)	**2 486**	2 396

** Bates sluit die belegging in die gesamentlike onderneming, Hinterland, van R127 miljoen (2016: R125 miljoen) in.*

KORPORATIEWE INLIGTING

SENWESBEL BEPERK
Reg nr: 1996/017629/06

POSADRES
Posbus 31
Klerksdorp
2570

GEREGISTREERDE KANTOOR
Charel de Klerkstraat 1
Klerksdorp
2571
Telefoon: 018 464 7800
Faks: 018 464 2228

OUDITEUR
Ernst & Young Ing.
Privaatsak X14
Sandton
2146

BELEGGERVERHOUDINGE
Aandag: Die Maatskappysekretaris
Senwesbel Beperk
Posbus 31
Klerksdorp
2570
Telefoon: 018 464 7104
Faks: 018 464 7121

FINANSIERINGSVENNOOT
Absa Beperk
Posbus 10154
Klerksdorp
2570